# Herinnering as waarborg tot heelheid

deur Amanda Botha

*"Yes, things endure, while the living lapse."*

John Banville, The Sea.

Die ingryp van onverskilligheid op die natuur, menslike aktiwiteit en uiteindelik die mens self, was 'n deurlopende tema in die kort skildersloopbaan van Adriaan van Zyl. In die ses solo-uitstallings wat hy aangebied het, het hy besin oor die wisselwerking van natuurelemente en tyd wat 'n onafwendbare sloping en verlies tot gevolg sou hê. In die opsig is sy werk 'n poging tot bewaring, om binne die ruimte van verlies, 'n heelheid op te roep en deur herinnering oorblywende elemente daarvan te herskep. 'n Mens sou ook kon praat van die restourasiebeeld in die geselekteerde herinneringe wat 'n vorm van eertydse heelheid suggereer. In sy *Vuurtoringreeks* het hy afgeleë gebiede hier en in Frankryk besoek om vuur- torings en skeepswrakke te skilder. Langs die ruwe kuste word die weerloosheid van die mens gekontrasteer. Die besef van die onvermoë van die mens om hom in die grensgebied tussen lewe en dood te handhaaf.

In sy *Stillewes* waar hy die grafte en begraafplase in die bare landskap van die Karoo en Weskus karteer, is sy dokumentasie die merkers van die uitwerking van tyd - die verval en verweer en die patina van natuur en tyd op die grafte self. Binne hierdie ruimte óók die afskaal van menslike betrokkenheid na wat ook as onbetrokkenheid en onverskilligheid gelees kon word. Dit skep 'n stemming van melancholie wat die kyker nostalgies stem. Die verlatenheid word in Van Zyl se skilderye verbeeld deur die detail van verwaarlosing.

In die noukeurige uitbeelding van die verlate omgewings soos in sy reeks *Reisjoernaal/Travelogue* te sien is, is die afwesigheid van die mens treffend. Met die hand van die mens in dié verval, word verlies aangeteken. In die rekonstruksie daarvan word dit herwin as herinnering. In die buitelyne van verval lê die herkenning van eertydse glorie én van menslike aksie. Hier is die kunstenaar se focus op tyd en verganklikheid. Dit is juis die herinnering aan wat was, wat in die werk tot elegiese gedigte herskep word. Die beeld van eertydse heelheid word deur die herinnering - die memorie – van die kyker gevoed en voltooi.

In skilderye soos *Langstraat swembad*, *Shark Island* en die *Swakopmund* word die ontwerp op dokumentêre wyse verbeeld. Al die nuanses van lig en kleur word geakkommodeer juis omdat hierdie stemmingsryke skep van bakens, self deur tyd en natuurelemente bedreig word. Die skilderye word 'n laaste verweer om die aanslag van onverskilligheid te stuit.

In Van Zyl se *Hospitaaltyd* verbeeld hy die ervaring van die mens in "operasionale gebied" waar jy sonder verweer gedwing word om te aanvaar dat jou bestaansreg en lewe in ander se hande geplaas word. Juis in die gestrooptheid, lê 'n bewoënheid. Die skilderye verbeeld die ervaring van oorgawe en die prysgee van 'n eie identititeit. Die afwesigheid van die mens toon wat in hierdie strak omgewing met die mens gebeur: die persoonlike word opgeskort en 'n geborgenheid wat eie ruimtes beskerm, raak verlore. In teenstelling moet die mens homself totaal oorgee om medies behandel te kan word. Die oorgang tussen siekte en herstel, eis verlies van identiteit en agentskap oor die self. Alle regte word binne die roetine opgeskort.

Met die aankoms in die binnehof van die hospital word die roetine bepaal en word rigting en gegewe gedryf deur reekse verwysings wat elk 'n eie ingryp op die individu het. Van individu word jou status na groepsdier afgewentel, aangedryf deur roetine, gevoer op 'n voerband van plek tot plek waar elke dissipline sy eie eise stel. In die proses van "heling" word die mens as 't ware "opgelos" in 'n siekteverskynsel.

Die brute eksterieure van troostelose wagkamers, lang verlate gange tot in die saalruimtes vir opnames en vandaar via X-straalkamers, teaters en herstelkamers vereis 'n gelate aanvaarding. Die behoefte - en keuses - vir geborgenheid word vi eers gekanselleer Die landskap daarbuite vervaag in abstraksie - weggeskuif deur dié die bedrywighede – net sigbaar deur vensters wat soos loergate na
buite is.

In Van Zyl se werk voel dit asof die pasiënt 'n skip betree. ly gaan aanboord en moet die reis voltooi. Jou bed word 'n vlot. Die ervaring laat jou voel asof iy dobber of deur branders heen-en-weer gegooi word. Die kamer met hul strak hoekige lyne en die liggroen amper wisselend ligblou mure skep 'n onderwater-gevoel. Jy besef jou onmag. Jy aanvaar waaroor jy nie beheer het nie.

Die operasiesaal word "die maag van die reuse skip" - met patryspoorte as verbindings tussen ruimtes. Hierdie patryspoorte word die oog van 'n sikloop wat deur die mure dring. Dit word 'n eenrigting kommunikasie van waarneming. Dit is net beskikbaar vir die mens wat

homself horisontaal bevind.

Hier beleef jy ook die verlies van die geborgenheid van jou bed. Bed kry 'n ander betekenis. Jy word in 'n bed geplaas wat rondgestoot kan word, waarin jy na gelang op en af gehys kan word. Daar is ook 'n soort progressie van die matras waarop jy lê. Van bed tot bed word dit letterlik harder. In die herstelkamer is dit net 'n dun matrassie. In Van Zyl se werk word die herstelkamer 'n golwende see uit 'n swymeling na bewustheid en herinnering na wat jy eens aan skoonheid gewen het.

Dit is Adriaan varn Zyl se belangrikste erflating dat werk ons lei om nuut - verby geykte verwagtings na die omringende wêreld te kyk.

---